26.3 RAPPORT DEPUTATE VIR EKOLOGIE

1. Opdrag

Acta 2012:512.

Die bedoeling van die Beskrywingspunt is:

(a) die Algemene Sinode van die GKSA neem ‘n besluit oor die saak en daarna ‘n getuienis die wêreld instuur.

(b) hierdie Beskrywingspunt as stimulus kan dien sodat die Sinode vir die GKSA ‘n vastebelydenis of standpunt oor hierdie saak sou kon ontwikkel.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Die omskrywing in die Beskrywingspunt soos dit verfyn is op die Sinode, kan as eerste getuienis gebruik word. Dit is nie nodig om dit verder te verfyn nie, want dit raak so baie fasette aan, dat dit onmoontlik word om alles in te sluit. Die formulering soos dit voor die Sinode was, is voldoende vir ‘n eerste getuienis in die wêreld.

Die verdere opdrag om as stimulus te dien sodat die GKSA ‘n vaste belydenis of standpunt oor hierdie saak sou kon ontwikkel, is ‘n baie omvattende opdrag. Wanneer standpunte oor sake ontwikkel word, bestaan die gevaar dat die Skrif ondergeskik gestel kan word, en die gelowige sy verantwoordelikheid om vanuit die Skrif sy daaglikse getuienis in te rig, op ‘n Sinode wil afskuif. Daarom is ‘n deeglike en goeie eksegetiese studie noodsaaklik. Die Deputate kon dit nie afhandel nie agv verskeie faktore.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Die Sinode neem kennis van die Rapport.

3.1 *Aanbevelings:*

3.1.1 Die Beskrywingspunt soos dit voor die Sinode van 2012 gedien het, word gebruik as ‘n getuienis van die GKSA in die wêreld.

3.1.2 Kerke en lidmate word opgeroep om verantwoordelik volgens die Skrif elke dag te getuig vir die bewaring en beskerm van God se skepping.

3.1.3 Daar weer Deputate aangewys word om ‘n meer volledige standpunt oor hierdie saak te ontwikkel wat Skrifgetrou en kontekstueel is.

Rapporteur: Dr SJ van der Merwe.